Saterdag 27 Junie
Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-25
Fokusgedeelte: Hebreërs 10:19, 22, 24
Tema: God se genade dring ons om Hom te nader en na mekaar om te sien!

Hebreërs 10:19-25 is 'n besondere Skrifgedeelte binne die boek Hebreërs. Hier lees ons:

## Wat ons Here Jesus vir ons gedoen het en nog steeds doen

In Hebreërs 10:19-21 kom die skrywer tot die gevolgtrekking van dit wat hy in Hebreërs 7:1 – 10:18 oor Jesus se Hoëpriesterlike bedieing gesê het. Sy gevolgtrekking is dat gelowiges nou twee dinge "het":

1. *Ons het die vrymoedigheid om God te nader*: As gevolg van dit wat Jesus vir ons gedoen het, hoef ons nie skaam of huiwerig te wees om in die teenwoordigheid van God te kom nie. Ons kan God met vertroue nader!
2. *Ons het 'n Groot Priester oor die huis van God*: Ons Here Jesus is ons Priester aan God se regterhand wat vir ons intree.

Op grond hiervan hoor ons dan in Hebreërs 10:22–25:

## Wat ons gevolglik moet doen

Ons ontvang drie opdragte:

1. *Nader God met vertroue (Heb. 10:22)*: Ons Here Jesus gee ons die vrymoedigheid om God te nader – laat ons dan tot Hom nader!
2. *Hou vas aan die belydenis van ons hoop (Heb. 10:23)*: God se beloftes waarborg dat Hy sy woord sal hou. Laat ons dan vashou aan wat Hy belowe het!
3. *Sien na mekaar om (Heb. 10:24-25)*: Die Christelike lewe het ook 'n horisontale aspek. Ons moet mekaar aanmoedig tot liefde en goeie werke en tot deelname aan die samekomste van die gemeente – en ons moet dit des te meer doen soos die wederkoms van Christus nader kom.

In Hebreërs 10:19-25 hoor ons onomwonde: God se genade dring ons om Hom met vrymoedigheid te nader en na mekaar om te sien!

*Sing: Psalm 81-1:11, 12*
*Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)*